Vegter

Les 6: Gewildheid

(Dawid as Superheld)

Doel: Om die kinders te leer van Dawid se gewildheid en om hulle te help om hul eie gewildheid of gebrek aan gewildheid te hanteer.

Inleidende aktiwiteit: Skryf op 'n groot bord of plak teen 'n muur 3 groot tabel opskrifte, naamlik: Sportster, Popster en Dawid.

Vra: Wie kan vir ons 'n bekende sportster se naam noem? Wat maak dat hy/sy so 'n goeie sportster is?

Wie kan vir ons 'n bekende popster se naam noem? Wat maak hom/haar so 'n bekende popster?

(Skryf elke keer die inligting onder die opskrif.)

Hierdie mense is almal gewild omdat hulle in iets spesifiek goed is. Baie mense hou van hulle en weet baie feite oor hulle. Miskien het julle ook al gewens dat julle so gewild soos hulle is. Kom ons leer vandag 'n bietjie oor Dawid se gewildheid.

Les: In 1 Samuel 16:10 lees ons van Samuel wat die nuwe koning moes salf. (Lees die teks)

Toe Samuel vir Isai, Dawid se pa, vra of dit al sy seuns was wat al voor hom verby geloop het, het hy geantwoord dat daar nog een is. Hy is die jongste en pas skape op, so hy was nie daar om saam met Isai en sy kinders te offer nie. In daardie tyd was die jongste kind die onbelangrikste van al die kinders.

Sy pa het nie baie van Dawid gedink nie, want hy was die jongste van 'n klomp broers. In daardie tyd was dit net die ouer broers wat belangrik in hul ouers se oë was. Die ouer broers het ook baie min van Dawid gedink. Hulle het selfs met hom geraas toe hy by die slagveld aankom. (1 Samuel 17: 28-30)

Verlede keer het ons die storie van Dawid en die reus Goliat gehoor. Nadat Dawid wat so klein was, so 'n groot reus verslaan het, het hy sommer vinnig baie gewild geraak by die volk. Hierdie ervaring het die grootste invloed gehad op sy lewe. Almal het hom hoog geag, ook koning Saul.

Aan die begin was Dawid baie gewild by koning Saul, maar hoe meer die vroue en die hele volk van Dawid begin hou het, hoe minder het Saul van hom gehou. Nadat Saul uitgevind het dat Dawid sy opvolger gaan wees en nie sy seun Jonatan nie, het hy kwaad geword.

Hy het nog minder van Dawid gehou en hom selfs begin haat. Maar Dawid het nie terug kwaad geword nie. Dit het nie vir hom saak gemaak of hy gewild of ongewild was by die koning of by die volk nie.

Kom ons doen nou die res van die aktiwiteit waarmee ons begin het:

Hoekom was Dawid gewild?

Voorbeelde:

- Aantreklik
- Dapper (veg teen beer en leeu)
- Musiek gemaak (rock star)
- Goeie vegter
- Goliat doodgemaak (Oorwinning)
- Mense laat veilig voel omdat hy 'n goeie vegter was

(Laat hulle self nog eienskappe noem. Skryf die antwoorde op die bord onder "Dawid" neer.)

Toepassing: Hoe hanteer ons gewildheid?

Party van julle is dalk baie gewild by julle maats. As jy gewild is, moet jy onthou om nie lelik te wees met jou maats wat nie so gewild is nie. As jy baie talente by God gekry het, moet jy bly wees en dit reg gebruik. Gebruik Dawid as voorbeeld van 'n gewilde leier wat nie grootkop gekry het nie.

As jy nie gewild is nie, moet jy nie jaloers wees op jou maats wat gewild is nie. God gebruik ons elkeen op 'n ander manier en onthou die spreekwoord: "Die hoogste bome vang die meeste wind." Dit beteken dat mense wat bekend en gewild is, ekstra versigtig moet wees wat hulle sê en doen, want almal hou hulle dop.

Ons moet almal onthou: In God se oë is ons almal sterre of superhelde! Dit maak nie saak of ons gewild of ongewild is by ons maats en die onderwysers nie.

Aktiwiteit: Knip vir elkeen 'n ster uit, versier dit met "glitter glue" of goue spuitverf en laat hulle dit êrens vasplak.

Alternatiewe aktiwiteit: Maak 'n "Walk of Fame" soos die filmsterre en popsterre hul eie sterre kry as hulle beroemd is. Maak gips aan en gooi in 'n plat bak. Laat elke kind in die klassie sy naam skryf in die gips of laat hulle hul handafdrukke daarin maak. Laat dit droog word.

Gebed: Here, Dawid is vir ons almal 'n voorbeeld van iemand wat geweet het hoe om sy gewildheid te hanteer. Help ons om ook te weet hoe om op te tree, of ons nou gewild is of nie so gewild is nie. Dankie dat ons almal sterre in U oë is. Amen.